

## **Aanneming: só pas die stukke inmekaar**

### **Die Pasvrou**

Wanneer dit by mense se binneste kom – hul vrese, hul hoop en ‘n jong lewe wat jy in jou hande hou – is daar nie ‘n vasgestelde resep wat jy kan volg nie. Die maatskaplike werker wat reeds ‘n leeftyd met die hartseer en die geluk van aannemings werk, verduidelik: “Jy werk met ‘n pasplan, maar nie joune nie... Dié plan is reeds opgestel. Jou rol is net om die deurmekaar stukkie van die plan bymekaar te kry.”

### **Die ‘magie-mamma**

Elke aanneming is uniek, soos elke mens ‘n eie uniekheid uitstraal. Die Pasvrou het nog nooit ‘n ma tēgekom wat haar baba weggee nie. ‘n Ma gee nie haar kind weg nie; sy maak ‘n opoffering ter wille van haar baba, om vir dié kind ‘n beter lewe te bied. Dit is die onselfsugtigste besluit wat enige iemand kan neem. Dit is belangrik vir die moeder om afskeid te neem van haar baba. Dit is ‘n verlies, soos die dood, wat verwerk moet word. Sy moet huil en hartseer wees en dan ook aangaan met haar lewe. Sy onthou natuurlik elke jaar die geboortedag van haar baba. Dit is ‘n verlies wat verjaar.

### **Die aanneem-ouers**

Nog ‘n stukkie van die legkaart. Dit gaan ook oor ‘n standvastige omstandighede, aandag en en liefde en nie net oor die materiële dinge wat ‘n ouer kan verskaf nie. Soms kan die biologiese ouers weens hul omstandighede net nie al hierdie dinge verskaf nie. Hoe pas ‘n mens ‘n kind met aanneem-ouer? Volgens die Pasvrou is die belangrike ding om te onthou dat jy nie vir die ouers ‘n baba soek nie, maar vir die baba ouers. Die baba se belange en behoeftes kom eerste. Dit is ook belangrik om na die “magie-mamma” se behoeftes vir haar kind te let; wat vra sy van die aanneem-ouers en wat het sy nodig vir gemoedskalmte en vrede. Op aspekte soos die aanneem-ouers se psigiese en fisieke gesondheid, (standvastige) werk en huweliks- en sosiale aanpassing en motief waarom hul wil aanneem, word gelet. Van kardinale belang is die persepsie of gevoelens van die aanneem-ouers jeens die biologiese ouers. Mense wat bekommerd is oor ‘n “swak” geen of slegte oorgeërfte kenmerke is nie veronderstel om aan te neem nie. Sy poogom vas te stel of of hulle die kind onvoorwaardelik sal aanvaar en liefhê, al wil hul seun ‘n oorbel dra en ballet doen. Selfs ‘n kind wat gebaar is uit ‘n verkragting, mag nie gestraf word vir sy ouer se sondes of swakheid nie. ‘n Kind hoef nooit die stigma van sy ouers se foute te dra nie.

### **Die baba**

Die oordra van die feite rondom aanneming moet reeds gedurende wiegiestadium gedoen word. Byvoorbeeld: “Mamma het ‘n stukkende magie gehad en jy was so kosbaar dat die Here besluit het om jou te laat groei in ‘n ander mamma, jou “magie-mamma”, se heel magie. Sy het jou nege maande lank in haar magie gedra. Sy het jou liefgehad en mooi opgepas. Sy het seker gemaak dat sy die regte kos eet en mooi na haarself gekyk sodat jy veilig in haar magie gebly het. En die dag toe jy gebore is, het sy jou vir my gegee sodat ek jou mamma kan wees. Sy was baie hartseer, maar sy het geweet ek sal mooi vir jou kan sorg.”

Die Pasvrou laat val die stukkie in plek: Om jou kindjie beskikbaar te stel vir aanneming is nie ‘n sonde nie. Partykeer is dit die beste ding wat jy ooit vir jou kind kon gee. En partykeer besluit die Here om ‘n vrou se skoot te sluit omdat Hy ‘n groter prentjie sien.. Die feit dat ouers nie biologies kinders kan verwek nie, beteken nie dat hul nie ouers kan wees nie!

[Uit: Forum deur Maike Currie in Die Burger 28 Junie 2006 - Verwerk]